

12 FEBRUARIE 2019

Romeine 5: 8-9: #Liefde

“Maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.”

As ek so oor redding dink, dan dink ek terug aan my eie lewe waar ek baie keer die weegskaal moes balanseer. In die een bak van die skaal was al die sonde wat ek in my lewe gedoen het en dalk moontlik nog sou doen. Dan in die ander bak die goeie dinge wat ek gedoen het om die skaal te probeer balanseer. En dan werk ons verder hard aan goeie dinge en dade om die skaal ten minste net gelyk te hou. Maar ek dink dat almal van ons wat al ‘n paar jaar die pad van die lewe gestap het, met my sal saamstem dat dit onmoontlik is om ooit die skaal selfs effens te lig deur ons eie krag.

Omdat ons so fokus om die weegskaal gelyk te hou mis ons God se belofte van Sy groot genade en Sy bonatuurlike krag in ons. God sit met al die troewe in Sy hand in die wedstryd teen sonde en nie vir ‘n oomblik hoef enige mens te twyfel dat God se genade groot genoeg vir ons sal wees nie. Daar is nie ‘n weegskaal wat sterk genoeg is om dit te weeg nie- selfs nie eens in jou gedagtes nie. Ons is nou geregverdig deur Sy bloed en kan ons maar ophou om ‘n vleeslike skaal te gebruik. Jesus, ons verklaar vandag ons dankbaarheid vir ‘n Hemelse weegskaal, in die een bak, U liefdesverbond met ons en in die ander bak van die weegskaal die Bybel – God se woord. Amen

In Sy Liefde altyd




- ROMEINE 5: 8-9
MAAR GOD BEWYS SY
liefde:
TOT ONS DAARIN DAT
CHRISTUS VIR ONS
GESTERF HET TOE ONS
NOG SONDAARS WAS.
VEEL MEER DAN SAL ONS,
NOU DAT ONS
GEREGVERDIG IS IN SY
bloed
DEUR HOM GERED WORD
VAN DIE TOORN.

#liefde